## Dagboek asb!

| | |
|---|---|
| 7 Maart | Kaskardag |
| | Bulletjie *Day/Night* te Laerskool Villieria |
| | Krieketkliniek: UITGESTEL A.G.V. KASKARDAG |
| 13 Maart | Rugby en Netbal (tuis) teen Laerskool Queenswood |
| 14 Maart | Krieketkliniek: o/10 vanaf 13:45 tot 15:00 en o/12 en o/13 vanaf 15:15 tot 16:45 |
| 15 Maart | Bulletjie rugby (tuis) |
| | Mini Netbal (weg) Laerskool Tuine |
| | Midstreamdag 1ste Span Rugby |
| 18 Maart | Rugby en Netbal (weg) te Skuilkrans - teen Totiusdal |
| 20-21 Maart | Kaalvoetklinieke te Hoërskool Oos Moot |
| 21 Maart | Menseregtedag - SKOOL GESLUIT |
| 26 Maart | Rugby (tuis) Tuinrand |
| 27 Maart | Entrepreneursdag |
| 28 Maart | Skool sluit 11:00 |

## Kaalvoetklonkie:

Gedetaileerde briewe word binnekort versprei aan leerders wat aangedui het dat hulle deelneem.

## Beheerliggaam Tussenverkiesing:

Tussenverkiesing (ouerverteenwoordiger) vind plaas op 14 April om 18:00 in die skoolsaal. Kennisgewing word per hand uitgestuur.

Alternatiewe datum (indien geen kworum bereik nie) is Woensdag 6 Mei.

BOEREFORT
WAAK EN WERK

# Omsendbrief 8

07/03/2025


De Beerstraat 325
Wonderboom-Suid, 0084

www.boerefort.co.za
boeries@boerefort.co.za

012 335 2841

## Skoolprogram:

**LAASTE WEEK VAN DIE KWARTAAL 24 TOT 28 MAART**

**LW: Dit is 'n volle akademiese skoolweek en alle grade gaan voort met nuwe akademiese werk.**

**Toetse gaan geskryf word soos volg op die volgende datums:**
**Woensdag 26 Maart - Afrikaans Graad 1-7**
**Donderdag 27 Maart - Wiskunde Graad 1-7**
**Vrydag 28 Maart - Skoolreëls Graad 1-7** ***(tel vir LV Graad 1-3 en PSW Graad 4-7)***

**Al hierdie toetse tel vir kwartaal 2 se assesseringspunte.**

**NB - Geen kinders mag afwesig wees in hierdie week nie. Indien leerderes wel afwesig is MOET 'n doktersbrief ingehandig word.**

## Badkamer/toiletroetine:

**Ons is baie bekommerd oor ons leerders se gebruik van die badkamers. Ons leerders is glad nie netjies in die badkamers nie en ons kry gereeld kinders wat vloere of mure bemors. Ons het die laaste ruk ook baie probleme met verstopte dreine en dit gebeur omdat leerders heel rolle toiletpapier of kledingstukke of ander voorwerpe in die toilette gooi. Daar is al verskeie van hierdie voorwerpe uitgehaal wanneer dreine oopgemaak word.**

**Ons versoek ons ouers om asb. met u kind te praat oor toiletgebruik en badkamer roetine. Ons gaan ongelukkig teen leerders moet optree wat voorwerpe in die toilette gooi of badkamers bemors.**

## Graad R en 1 Opedag:

**Help asb. om so ver moontlik te versprei!**




## Hulp gesoek:

**Ons wil graag uitreik en vra of daar enige bereidwillige ouers/vriende/familie is wat asb. vierwielmotorfietse het en ons tydens die opedag te kom help. Hierdie is ook 'n goeie bemarkingsgeleentheid vir besighede. Ons wil 'n treintjie sleep.**

**Indien iemand 'n trekker besit (uitstalling vir foto's) sal dit ook waardeer word.**

**Kontak asb. Charlene Strydom (admin@boerefort.co.za) vir meer inligting.**

# Verjaarsdae:

**LEERDERS:**

| | |
|---|---|
| **7 Maart** | **Q-ianqa van Eck** |
| **8 Maart** | **Zian van der Merwe** |
| **8 Maart** | **Isabelle van Niekerk** |
| **10 Maart** | **Marno Broodryk** |
| **10 Maart** | **Keanu Loots** |
| **10 Maart** | **Joanny-Leigh Homan** |
| **11 Maart** | **Jason Nel** |
| **12 Maart** | **Armand Janse van Rensburg** |
| **12 Maart** | **Rose Motokolo** |
| **12 Maart** | **Hans du Plessis** |





# Spognuus:

**'n Paar leerders van Graad 3C het Maandag self inisiatief geneem om die terrein tydens pouse bietjie op te ruim.**

**Hierdie is weereens 'n bewys dat Boeries regte staatmakers is!**

# Sportprogram:

**Opsomming van sportprogram sal weekliks per Facebook en d6 Connect uitgestuur word.**




## Paaseiers (t.b.v. Graad 7 Fonds):

**Laaste dag vir bestelling EN BETALING is 13 Maart. Kontant/bewys betaling moet bestelvorms vergesel. Stuur asb. terug na registeropvoeders.**

**Aflewering geskied voor Paasnaweek. Ons sal ouers in kennis stel wanneer bestellings opgetel kan word.**

**Poog asb. om so ver moontlik per EFT te betaal. Leerder naam en "paaseiers" as verwysing.**

**Kaartmasjien beskikbaar in kantoor.**

## Vakansiesorg:

**Briewe beskikbaar in kantoor. Hierdie diens is ingesluit vir alle leerders wat huidiglik ingeskryf is by ons Nasorgsentrum MITS alle gelde op datum betaal is.
Ouers moet asb. steeds vorm voltooi ter aanduiding indien hulle kinders gebruik gaan maak van die vakansiesorg**

**Leerders van buite of leerders wat nie ingeskryf is by Nasorgsentrum nie, betaal R80 per dag. Middagetes ingesluit. (Pak asb. eie ontbyt).**

**Kontakpersoon: Me Adri Snyman 060 794 7852**




ratis) te hê

ryk.

## Kunskompetisie:

**Boeries is welkom om in te skryf vir Mirai Kuns vir Kinders kompetisie. GRATIS! Wonderlike pryse te wen! Prente word ingehandig by die skool se adminkantoor.**

**(Sien ook advertensie op laaste bladsy van omsendbrief vir Mirai Kuns vir Kinders).**

## Individuele foto bestellings:

**Graad R tot 7 bestelvorms is uitgedeel - kyk asb. in u kind se tas.**
**Gesins-/maatsfoto's is Maandag en Dinsdag reeds uitgedeel.**

- **Bestelling en betaling DIREK aan RK foto asb!!!!!**
- **Afsnydatum: 31 Maart 2025**
- **Aflewering by skool**
- **Let asb. mooi op u kind se verwysing wanneer u betaling maak**
- **Whatsapp nommer: 081 380 5429 / e-pos: payments.rkfoto@gmail.com**



## Bulletjie Rugby:

**OEFENING:**
**Maandae en Woensdae vanaf 17:00 tot 18:00**

**WEDSTRYD DATUMS:**
**15 Maart (tuis) Boerefort**
**12 April (weg) Ls Hermanstad**
**10 Mei (weg) Midstream dag**
**17 Mei (weg) Ls Bergsig**
**31 Mei (tuis) Boerefort**
**7 Junie (weg) Loftusdag**

## Krieket:

**Oefendatums is onderhewig aan verandering.**

**OEFENING: Vrydae-middae tydens Kwartaal 1**

**o/10 oefen 14 Maart vanaf 13:45-15:00**
**o/12 en o/13 oefen 14 Maart vanaf 15:15-16:45**





## Tennis:

**OEFENING:** ***Let asb. op verandering***
**o/11 en Oop Dogters Dinsdae vanaf 6:40 tot 7:15**
**o/11 en Oop Seuns Donderdae vanaf 6:40 tot 7:15**
**Leerders kom in PT-drag skooltoe. Pak skoolklere in asb.**

# Netbal:

**Volledige skrywe uitgestuur per hand Maandag, 10 Februarie. Stuur asb. voltooide vorm en getekende gedragskode terug!**

**OEFENING:**

**DINSDAE, WOENSDAE EN DONDERDAE: o/6-o/9)**
**o/6 vanaf 13:45-15:00 op die aantreeblad**
**o/7 vanaf 13:45-15:00 op die aantreeblad**
**o/8 vanaf 13:45-15:00 op die grasbane (naby verspringput)**
**o/9 vanaf 13:45-15:00 op die grasbane (naby verspringput)**

**MAANDAE, DINSDAE EN DONDERDAE: (o/10-o/13)**
**o/10 vanaf 14:00-15:30 op grasbane (links)**
**o/11 vanaf 14:00-15:30 op grasbane (regs)**
**o/12 vanaf 14:00-15:30 op tennisbane (links)**
**o/13 vanaf 14:00-15:30 op tennisbane (regs)**





# Rurby:

**OEFENING: Onderhewig aan verandering**

**ELKE MAANDAG, DINSDAG EN DONDERDAG:**
**o/9 vanaf 13:45 tot 15:30**
**o/10 vanaf 13:45 tot 15:30**
**o/11 vanaf 15:15 tot 17:00**
**2de span vanaf 13:45 tot 15:30**
**1ste span vanaf 13:45 tot 15:30**
**WOENSDAE - Afrigters reël met spelers**

## Conquesta:

**Leerders kan weer inskryf vir die jaarlikse Conquesta vraestelle.**
**Sluitingsdatum vir inskrywings – 24 April**

**Inskrywingsgelde: R27 inskrywingsfooi PLUS R30 vir elke vak waarvoor ingeskryf word.**

**Vakke waarvoor ingeskryf kan word;**

**Gr. 1-3:**
- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Lewensvaardigheid 1 = Persoonlike en Sosiale Welsyn
- Lewensvaardigheid 2 = Aanvangskennis en Skeppende Kunste
- Coding & Robotics (Slegs in Engels)

**Gr. 4-7**
- Wiskunde 1 – Meer uitdagend
- Wiskunde 2 – Standaard
- Afrikaans 1 – Afr Huistaal
- Engels 2 – Eng Eerste Addisionele Taal
- Sosiale Wetenskappe
- Bible Study (slegs in Engels)
- General Knowledge (slegs in Engels)

**Gr. 4-6**
- Natuurwetenskap & Tegnologie
- Junior Robotics & Coding (slegs in Engels)

**Gr. 7**
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Senior Robotics & Coding (slegs in Engels)

**Inskrywingsvorms is beskikbaar by Me Vermaak OF Kantoor of as aanhegsel by omsendbrief.**

**Vraestelle gaan geskryf word in 3e Kwartaal tussen 4 en 19 Augustus.**




# Advertensie-geleentheid

**Hierdie is slegs 'n advertensie geleentheid vir die maatskappy/ individue om produk/diens te bemark in ons omsendbrief.**
**Laerskool Boerefort onderskryf geen waarborg of aanspreeklikheid vir enigeen wat op enige advertensies reageer nie.**